



Kinderhoekie


DIE TORING VAN BABEL

Maats, lees die skrifgedeelte en soek dan tussen al die letters in die blok hieronder en kyk of jy al die woorde kan opspoor!

Lees
Genesis 11:1-9

E	A	H	K	S	M	F	A	H	B
O	R	E	T	B	E	I	K	U	R
O	N	M	O	O	N	T	L	I	K
S	I	E	K	U	S	O	E	B	L
W	F	L	M	G	E	R	I	A	I
A	S	F	A	L	T	I	G	B	P
A	A	R	D	E	B	N	T	E	J
R	T	A	A	L	S	G	A	L	E
T	V	E	R	S	T	R	O	O	I
S	T	E	N	E	A	B	R	S	M
B	A	E	F	H	D	J	A	L	G

- | | |
|------------|--------|
| Taal | Aarde |
| Toring | Klip |
| Stad | Asfalt |
| Verstrooi | Klei |
| Bou | Hemel |
| Ooswaarts | Babel |
| Stene | Mense |
| Onmoontlik | |



Suiderkruis

'n Gemeente vir Oud en Jonk

ONDER ONS 2022

Redaksie: Elize van Niekerk & Hester de Beer

Posbus 5253, Kockspark, 2523
Tel & Faks 018 2947939
E-pos: elize@suiderkruis.com
Web: www.suiderkruis.com
Facebook: suiderkruis

DAGBOEK VANDAG

- 08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens – Ds Terence Cooke
Teks: Johannes 20 :30-31.
Tema: Die opstanding die wonder waarop ons wag.
10:00 Koffie en tee in die foyer

DINSDAG 18:00 Spesiale Kerkraadsvergadering

- SONDAG 8 Mei - Moedersdag**
08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Oggenddiens – Ds Terence Cooke
09:00 Kinderkerke
09:00 Reguitstraat 13+
10:00 Koffie en tee in die foyer
18:00 Belysel
18:00 Foyerdien



Bid asb vir:

- Wanda Steyn
- Anna du Toit
- Tannie Graaitjie Davis
- Bid asb vir die kerkraadsvergadering van 3 Mei waartydens 'n nuwe dominee vir Suiderkruis beroep gaan word.

1 MEI 2022

*'n Sonneblom kan op 'n ashoop staan
sonder om neer te kyk na die vuilgoed
aan sy voete. Sy kop is altyd gedraai
na die warmte van die son.
Mag God se warmte jou so vul sodat
jy soos 'n sonneblom die mooi
uitstraal na almal om jou.*



BYSTAND VIR DIE GEMEENTE

Ds Terence Cooke is tans op bystand vir die gemeente.
Vir enige dringende gevalle, kontak asb:
Die Kerkkantoor 018 2947939 / 0832976748, of
Ds Terence 0827759570.

FONDSINSAMELINGSPROJEKTE: 2022

- Kuieraand saam Pieter Smith by Coco's Saloon: 21 Mei 2021 (Christine Thomas)
- Pannekoek by Pick a Pay, 3/4 Junie, 23/24 Julie, 9/10 Sept, 7/8 Okt (Maryna Marais)
- Vleisprojekte: 20-22 Junie & 24-26 Oktober
- Hengelkompetisie: 20 Aug (Roelf v Aswegen)
- Spaanse aand: 23 Sept (Johanna Handford)
- Snoekbraai en kersliedere: (Thys Franken & Elsabe van Aswegen)



OPTREDE: PIETER SMITH

As deel van 'n fonds-insamelingsprojek kom Pieter Smith optree by *The Farm Lifestyle Centre @Cocoa's Saloon*.

Dit is ten bate van Suiderkruis Gemeente. Die kaartjies kos R100 per volwassene en hoërskool leerlinge, R50 vir laerskool leerlinge. Daar gaan vanaf 16:00 pannekoek, vetkoek en maalvleis of skoon vetkoeke en sop te koop wees. Daar sal deurlopende ligte vermaak wees. Die vertoning begin om 19:00. Kaartjies is Sondae na kerk beskikbaar in die foyer of by die kerkkantoor gedurende die week en by Yolandi by Cocoa's Saloon 067 832 2337. Ons is dan ook op soek na paar dames (of manne) wat ons kan help met 'n paar potte sop. Dankie aan Maryna Marais, Petro Kriel en Elsabe van Aswegen wat onderskeidelik vir ons die pannekoek-, vetkoek- en sop-verkope gaan hanteer. Daar is 'n kontantkroeg beskikbaar en heerlike koffie en cappuccino is te koop.



JESUS MORS NIE MET WOORDE NIE

In my kinderdae het dominees togas gedra, wanneer hulle preek. In sommige kerke het hulle

ook 'n seremoniële lappie, bekend as 'n beffie, om hul nekke gedra. Toe iemand een keer vir 'n leraar vra hoekom hulle dit om hul nek dra, het hy droogweg opgemerk dat dit eintlik 'n servet is, "want ons is morsig met ons woorde!" Ongelukkig doen baie mense dit vandag nog - ek bedoel hulle mors met woorde. Hulle glo daardie persepsie: "Langer is beter!" Langer navorsing, langer nadenke, langer vergaderings, langer samekomste, langer gesprekke, langer preke en langer gebede is blykbaar die geheim tot die ontsluiting van die waarheid. Wel, nie altyd nie. Langer is nie outomaties meer korrek, of meer betroubaar nie. Kort is dikwels beter. Insig, deursigtigheid, wysheid en waarheid is nie afhanklik van 'n massa woorde nie. Dit leer ek by Jesus. Toe Hy op aarde was, het Hy nooit met woorde gemors nie.

Die meeste van Sy uitsprake is kort en kragtig:

"Salig is die wat honger en dors na dit wat reg is. Hulle sal versadig word."

"Soek heel eerste die koninkryk van God en die res sal vir jou bygevoeg word."

"As jy agter My wil aankom, moet jy jou kruis optel en My volg."

"Wie eerste is, sal laaste wees en wie laaste is, eerste."

Jesus se kort uitsprake is nie net mooiklinkende woorde nie. Of goed-voel lesse nie. Elke slag wil Jesus hiermee 'n ruim venster oopmaak op God se wêreld. Sy kort woorde is ook uitnodigings om vars en anders oor God en oor die lewe te dink. Dit is lewensveranderende padwysers na God en na mekaar toe. Jesus se woorde gee lewe vir ewig, soos wat Petrus in Johannes 6 bely. Jesus het nie 'n stortvloed van woorde nodig nie. Al wat vir Hom saak maak, is die regte woorde!

Leer asseblief hierdie lewensbelangrike les by Hom. Leer dat die waarheid gewoonlik kort en kragtig is. Moenie morsig met jou eie woorde wees nie.

Leer dit oor en oor by Jesus. Leer dit ook by diegene, wat nie met woorde mors, wanneer hulle oor God en oor die lewe praat nie.

- **Stephan Joubert**
[eKerk]

DEURLOPENDE FONDSINSAMELINGSPROJEKTE

- R2-projek: Neem 'n pilbotteltjie in die portaal, vul dit met R2-stukke en gooi in die kollektie-sakkie.
- Koperkruij-projek: Gooi al die "oorbodige" koper in die kruij wat in die voorportaal staan.
- 2e-Handse snuffelwinkel: Indien u enigiets het wat sommer net tuis in die pad is, skenk dit asb vir ons gemeente se winkeltjie. Kom kyk gerus ook wat al alles in die winkel is. Jacoba Ras is in beheer van die winkel [0729005005]
- Mandjieprojek - Elize



AS DIT DONKER IS OM MY Die Heilige Gees woon in jou

Toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword. Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade gesmeek. -Psalm 30:8-9

Die digter kyk hier terug op sy lewe. Dat niks 'n mens so verandaar maak soos voorspoed nie, maar ook dat niks 'n mens so nederig maak soos afhanklikheid nie, kan ons baie duidelik lees in hierdie psalm. Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: "Niks sal my ooit laat wankel nie" skryf die psalmdigter in vers 7. Maar sodra daar probleme in sy lewe opduik, is dit 'n perd van 'n ander kleur: "Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword" [vers 8].

Wanneer ons swaarkry, vra ons baie keer na die Here, net om te ontdek dat Hy vir ons ver en vreemd voel. As dit weer met jou gebeur, moet jy jou mooi afvra of dit God is wat Hom van jou onttrek het en of dit jy is wat van God afgedwaal het.

God belowe dat Hy jou nooit sal verlaat nie: deur sy Heilige Gees woon Hy in jou. As die skadu's oor jou eie lewe val, is dit baie maal omdat jy self met jou rug na die Son staan, skryf Johan Smit.

As dit dus weer moeilik met jou gaan, draai gerus om sodat jy vir God kan raaksien. Hy sal weer Sy

lig in jou lewe gee sodat jy Hom sal kan loof soos die psalmdigter.

Hemelse Vader, ek sien nou dat dit ek is wat van U weggedwaal het toe U vir my ver gevoel het. Dankie dat U nooit ver van my kan wees nie omdat U in my woon. Amen

Amen

-Nina Smit



VERJAARSDAGHOEKIE

Vandag: Annamaria Mans, Rina Matthee, AJ Oosthuizen

2 Mei: Adriaan Pretorius, Jaco v Zyl

3 Mei: Riekie Broodryk, Elouise Cloete

4 Mei: Werner Bruhns (83 jr), Reney Bronkhorst, Hannes Conradie, Schalk Mans

5 Mei: Shimmie Tesnaar, Mientjie Tesnaar, Anelle Aslett, Yolande Grobler, Jean Nieman, Anette Niemand, Lois Sauer

6 Mei: Marietjie vd Leeuw, Olivia Sandrock, Tristan Rensburg, Logan Botha

7 Mei: Anna-Marie Oberholzer, Anton Nel, Pieter le Roux

NB: Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. - Elize

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeverte is in die voorportaal beskikbaar.

Elektroniese betaling:

EFT of Zapper

Bankbesonderhede:

NG Kerk Potch-Suid

Absa, Tjekrekeningnr 680580049

Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.	Naam:
	Selno: